

NUUSBRIEF

DESEMBER 2024

GEAGTE GEWAARDEERDE KLIËNTE & ASSOSIATE

Met die feestyd wat nader kom, wil ons van hierdie geleentheid gebruik maak om terug te kyk na die jaar wat verby is.

In 2024 was daar 'n duidelike afname in die voordurende hoë inflasie koerse van die afgelope twee jaar. Dit het verseker dat die sentrale banke wêreldwyd hul rentekoerse hersien en stelselmatig begin verlaag het.

Hierdie jaar het meer as 80 lande verkiesings gehou, en in die proses het meer as 50% van die wêreld se bevolking gestem. Die meeste verkiesings het sonder noemenswaardige ontwigtings of geweld plaasgevind, wat altyd goed is vir markstabiliteit.

Plaaslik het die vorming van die regering van nasionale eenheid (GNU) gelei tot baie “positiewe” veranderinge vir ons land, soos uitgelig in die onderstaande artikel deur Adriaan Kruger vir Moneyweb:

<https://www.moneyweb.co.za/news/economy/good-times-are-here-again/>

ALGEMENE NUUS

Hierdie jaar vier ons ons 30ste herdenking sedert ons onderneming begin het. Ons kyk met dankbaarheid terug na hoe ons praktyk van krag tot krag gegroei het. Oor drie dekades het die finansiële dienste-industrie verskeie veranderinge deurstaan, onder andere toenemende regulasie vereistes, veranderinge van produkte en dienste, sowel as ekonomiese en mark wisselings. Ons is trots dat ons kernwaardes om uitstekende persoonlike diens met eerlikheid, integriteit en menslikheid te lewer steeds onveranderd gebly het.

Dankie aan elke lojale kliënt, vennoot, medewerker en spanlid wat oor die afgelope 30 jaar by ons gebly het.

Baie geluk aan Antoni en Marco wat 'n nuwe studie-avontuur aangepak het. Dis bevestig dat albei in 2025 vir die Nagraadse Diploma in Finansiële Beplanning (NQF8) aan die Universiteit van die Vrystaat gaan inskryf:

“Die RPL-kantoor het jou RPL-assesseringsproses gefasiliteer, en die Programdirekteur het jou vorige leerervaring deur middel van 'n kennis toets, gevallestudie en portefeulje van bewyse geassesseer. Sy het aanbeveel dat jy 'n voldoende standaard van vaardigheid toon om toelating tot die Nagraadse Diploma in Finansiële Beplanning (PDFP) te verkry.”

Om tred te hou met 'n bedryf wat voortdurend verander, het TVZ uitgebrei om selfs meer voordele aan ons bestaande waardeproposisie te voeg deur ons samewerkingsooreenkoms met **Warwick Wealth**. Hierdie voordele sluit in toegang tot:

- Plaaslike en Internasionale persoonlike aandele portefeuljes
- Verdere oorsese en belastingdoeltreffende beleggingsopsies
- Internasionale trustmaatskappye
- Hoë rentekoers-belonings- en vaste deposito-rekeninge
- Beleggingsfondse wat gebruik maak van die mees talentvolle fondsbestuurders asook die nuutste tegnologie (soos kunsmatige intelligensie).
- Toegang tot al die voorste beleggingsplatforms, insluitend Old Mutual, Sanlam Glacier, Allan Gray, Momentum, AIMS, Ninety One (Investec), Stanlib en PPS.




Teen hierdie tyd ken meeste kliënte ons hele span al baie goed. Vir diegene wat nog nie die almal ontmoet het nie, sien hieronder 'n kort bekendstelling van elke lid en hul rol in ons onderneming:



Antoni van Zyl

Direkteur en Senior Welvaart Adviseur
Lid sedert 2008
E-pos: avz@tvzfin.co.za



Marco van Zyl

Direkteur en Senior Welvaart Adviseur
Lid sedert 2017
E-pos: mvz@tvzfin.co.za



Toni van Zyl

Stigter
Lid sedert 1994
E-pos: tvz@tvzfin.co.za




Janneri van Zyl

Kantoorbestuurder, Belastingpraktisyn,
Senior Administrateur
Lid sedert 2005
E-pos: info@tvzfin.co.za



Jana Pienaar

Welvaart Adviseur en Kantooradministrateur
Lid sedert 2021
E-pos: admin@tvzfin.co.za



Sonja van Zyl

Korttermynversekering Administrateur
Lid sedert 2022
E-pos: insure@tvzfin.co.za



WELSYN

Elke jaar wil ons span graag kinders in nood bystaan deur liefdadigheidsorganisasies te identifiseer wat ons kan ondersteun.

Toe ons 'n boodskap van *Happy Babies* (NPO 273-594) ontvang het om hierdie Kersfees spesiaal te maak vir 'n groep minderbevoorregte kinders tussen 5 maande en 12 jaar oud, het ons span dadelik ingespring om pakkies met noodsaaklike items en geskenke vir hierdie kinders saam te stel.

Baie dankie aan Dante en die *Happy Babies*-span. Ons hoop hierdie Kersfees sal ekstra spesiaal wees vir die kinders.



RISIKO DEKKING: DOOD, ONGESKIKTHEID & GEVREESDE SIEKTE

Ons innige meegevoel aan almal wat 'n ernstige siekte het of 'n besering opgedoen het, of geliefdes verloor het gedurende die jaar.

Ons ervaring is dat versekeraars nou strenger is met mediese onderskrywing omdat eise oor die afgelope jare verhoog het. Dit beklemtoon die belangrikheid om risikoversekering uit te neem terwyl dit nog medies moontlik en bekostigbaar is.

Baie werknemers wat hul werkgewers verlaat, het die opsie om hul risikovoordede binne 3 maande na die tyd om te skakel sonder 'n volledige mediese ondersoek. Hierdie opsie is veral voordelig vir individue wat moontlik nie medies kwalifiseer vir nuwe dekking nie. Ons moedig kliënte aan om ons te kontak voordat hulle hul werk verlaat, sodat ons advies kan gee hoe om van hierdie opsie gebruik te maak.

Ons moedig ons Old Mutual-kliënte aan om by Old Mutual se beloningsprogram aan te sluit as hulle nie reeds het nie. Dit is gratis, sonder enige verpligtinge, en jy word beloon bloot omdat jy 'n Old Mutual-kliënt is. Voordele sluit in:

- Punte wat vir kontant of geskenkbewyse by geselekteerde winkels omgeruil kan word.
- Terugbetalings vir gimnasiumfooie, afhangend van jou beloningsvlak.
- Drie keer per jaar 'n "ry-my-huis-toe"-diens.

Sluit aan deur op die volgende skakel te klik: <https://secure.rewards.oldmutual.co.za/web/om/home>

Dit is belangrik om jou risikovoordede jaarliks te hersien. 'n Risiko bespreking is standaard op ons agenda tydens ons Jaarlikse Hersiening.

TESTAMENTE & BOEDELBEPLANNING

Ons moes ongelukkig deur die loop van die jaar afskeid neem van 'n paar geliefde kliënte. Gedurende hierdie moeilike tyd is dit prioriteit vir ons span om die administratiewe take wat gepaard gaan met die dood sover moontlik te hanteer, om vir die familie die nodige tyd en spasie te gee om te rou.



Tydens die rouperiode sien ons ook hoe gerieflik en voordelig dit is indien belangrike dokumentasie soos testamente, begunstigde-aanwysings, polis-inligting, huwelikskontrakte, en afskrifte van titel- en trustaktes gestoor is in ons elektroniese kliëntelêers vir veilige bewaring. Op hierdie manier kan ons span vinnig reageer indien die familie, eksekuteur of versekeringsinstansies dokumentasie vereis.

Ons innige meegevoel aan al die families wat geliefdes oor die afgelope jaar verloor het.

Die gereelde hersiening van jou testament is baie belangrik, en dit is 'n bespreekpunt op ons agenda. Kontak ons gerus as jy enige vrae het oor jou testament of as jy van ons veilige "cloud storage" wil gebruik maak om belangrike dokumente te stoor, wat ons as 'n gratis waarde-toegevoegde diens aanbied.



KORTTERMYNVERSEKERING

Die korttermynversekeringsbedryf is besig om te verander. Ekstreme weerpatrone het voorgekom in 2024, en die voorspelling is dat hierdie verskynsel sal voortduur in die toekoms. Versekeringsmaatskappye wêreldwyd heroorweeg hul benadering tot risiko en premies om die gevolge van klimaatsverandering te bestuur.

Ons bly toegewyd om ons kliënte omvattende dekking te bied met gesiene versekeraars, tesame met uitstekende persoonlike diens teen mededingende en redelike pryse. Elke enkele premieverhoging word deeglik nagegaan en onderhandel voordat dit aan ons kliënte gestuur word.

Ons wil ook die volgende waarde-toegevoegde produkte uitlig:

Motor Value4U

Met die wêreldwye uitdagings in die motorbedryf soos vertragings met voorsiening van motordele en hoë inflasie, en die onbekostigbaarheid van nuwe voertuie, word motoreienaars gedwing om voertuie langer te hou. Hier is wat Value4U bied:

- **Krap- en duikdekking:** Dek klein daaglikse skade aan die voertuig wat dalk nie onder die omvattende polis gedek word nie. **Sluit een lugversorging herlaai per jaar en een batterykontrole elke 36 maande in.**
- **Tyre & Rim:** Help met skade aan bande en wieloppe weens padgefare wat normaalweg nie deur 'n omvattende polis gedek word nie. **Hierdie dekking sluit in 1 wiel herstel en 1 wielbelyning per jaar.**
- **Uitgebreide waarborg:** Dek 'n reeks komponente (soos enjin, ratkas, stuur, ens.) teen onverwagse meganiese of elektriese onklaarraking.

Kontak ons gerus vir meer inligting.

Met die jaarlikse hernuwing, lees asseblief die versekeringsopsomming en ons aanbevelings noukeurig deur en kontak ons gerus met enige navrae.

Vir enige na-ure navrae/noodgevälle of vir bystand/eise gedurende die feesseisoen wanneer ons kantore gesluit is, kan die volgende nommers gekontak word.

OMinsure

Tel: 0860 247 365 (Eise, Noodgevälle, *Swiftcare*, Padbystand, Tuisbystand en Medies noodgevälle)

Tel: 0860 637 373 (Algemene Navrae soos om items by jou polis te voeg of te verwyder en alle ander veranderinge)

Santam

Tel: 0860 505 911 (Eise, Noodgevälle, Padbystand, Tuisbystand en Mediese noodgevälle)

Tel: 0860 726 826 (Algemene Navrae bv. om items by jou polis te voeg of te verwyder en alle ander veranderinge)



AFTREDE

Oor die afgelope drie dekades het ons honderde individue gehelp om van 'n wye verskeidenheid pensioenfondse af te tree, elk met hul eie unieke prosesse en reëls. Ons het baie werknemers in die openbare sektor gehelp om hul aftree-inkomste te maksimaliseer deur gebruik te maak van hul volle belastingvrye voordeel voor 1998. In sommige gevalle kon kliënte hul volle 1/3 kontantbedrag onttrek sonder enige belastingimplikasie.

In onlangse jare het baie families wêreldburgers geword, waar pensioenarisse in Suid-Afrika aftree, maar hul kinders en kleinkinders woon oorsee. Ongelukkig strek die Suid-Afrikaanse Rand nie ver in lande met sterk geldeenhede soos die VK, Europa, Australië, Nieu-Seeland, VSA en Kanada nie. Dit is dus belangrik om hierdie faktore in ag te neem wanneer jy jou aftrede beplan. Ons span het verskeie modelle saamgestel wat optimale buitelandse blootstelling aan aftreespaargeld bied om die effekte van 'n swak Rand te beperk.

Kontak ons gerus as jy of iemand wat jy ken leiding nodig het met aftrede of indien 'n skeidingspakket aangebied word in die nabye toekoms.

Welkom aan al ons nuwe pensioenarisse, en sterkte met hierdie nuwe fase van jou lewe!



BELEGGINGS

2024 het afgeskop met markonsekerheid, meestal as gevolg van die verskeie verkiesings wêreldwyd en hoë rentekoerse. Sedertdien het ons eie verkiesing plaasgevind, die regering van nasionale eenheid is implimenteer, en rentekoersverlagings het plaasgevind.

Van 1 Januarie tot 15 Junie 2024 het die JSE ALSI 'n opbrengs van **0.21%** getoon. Van 16 Junie tot 25 November het dit met **11.10%** gestyg. Die Rand het ook met **1.83%** teenoor die Amerikaanse Dollar versterk sedert die begin van die jaar.

Ons span het talle beleggingsseminare en -konferensies bygewoon oor die afgelope 6 maande, en die algemene sentiment is baie meer positief as 'n jaar terug.

Soos geskiedenis al bewys het beweeg markte in siklusse, so wees baie versigtig om halsoorkop te onttrek, aangesien verliese dan gerealiseer kan word. Ons spandeer ure aan navorsing om seker te maak elke portefeulje is goed gediversifiseer in verskillende bateklasse, areas (plaaslik en oorsee) en fondsbestuurders, elk met hul eie beleggingsstrategie.

Rentekoerse is wêreldwyd op 'n afwaartse siklus.

Dit beïnvloed en **verminder rente** wat verdien word op **geldmarkbeleggings**.

Hou in gedagtenis dat **rente wat verdien word belas word**, wat die opbrengs van geldmarkprodukte verder verlaag. Geldmarkprodukte laat oor die algemeen nie toe om 'n begunstigde aan te stel nie, wat **eksekuteurfooie tot gevolg het**.

As jy fondse in vaste deposito's of geldmarkrekeninge belê het en belangstel in 'n **gediversifiseerde, belastingdoeltreffende, lae risiko-portefeulje**, kontak ons gerus.

Oor die afgelope drie dekades het ons talle skemas gesien wat hoë opbrengste oor die korttermyn belowe, soos tans in die nuus wat verband hou met "diamanthandel". **Wees asseblief uiters versigtig en maak seker dat jy die nodige navorsing doen wanneer jy genader word om in een van hierdie skemas te belê.**

Wees ook versigtig vir skemas wat hoë korttermynopbrengste belooft. Indien dit te goed klink om waar te wees, is dit gewoonlik, en jy kan met 'n Ponzi- of piramideskema te doen hê met ernstige gevolge.



BELASTING

Ons passie by TVZ Finansiële Dienste is Finansiële Beplanning. Belastingindienings word as 'n bykomende diens aangebied om in lyn te wees met die advies wat gegee word. Ons kan belastingopgawes indien, maar ons kan nie terugbetalings waarborg, versnel of enige standaardbeleid van SARS verander nie.

Hierdie jaar het SARS hul eie uitdagings beleef. Daar was 'n toename in pogings om *E-filing* profiele te kaap, die stelsel te manipuleer of bankbesonderhede na bedrieglike rekeninge te verander. Gelukkig is al ons kliënte op een Belastingpraktisynsprofiel, wat help om vinnig te reageer as daar enige verdagte aktiwiteite plaasvind. SAIT, ons belastingliggaam, werk voortdurend met SARS saam om prosesse te vergemaklik, bedrog te beperk en uitdagings op te los.

As jy enige e-pos ontvang waar SARS 'n terugbetaling belooft, of enige soortgelyke boodskappe, maak asseblief altyd seker by Janneri, ons belastingpraktisyn, om die boodskap te verifieër. Moet nooit op verdagte skakels klik of aanhegself oopmaak nie om sodoende risiko's te beperk.

As enige persoonlike inligting verander, kontak ons asseblief vroegetydig om die korrekte inligting te kan weergee. Bankbesonderhede is baie moeilik om na 'n indiening te verander en dit veroorsaak vertraging in die proses.

Ons help jaarliks ongeveer 250 kliënte met belastingindienings. Janneri werk sistematies om te verseker dat alle indienings betyds hanteer word. Dankie vir jou geduld en begrip in hierdie verband.



VOLDOENING

Ons is dankbaar en trots dat al ons nakomingsfunksies en -stelsels op datum is. Ons het 'n 100%-gradering ontvang op alle nakomingsverslae en Masthead het ons voldoening vir 2024 afgeteken.

Ons bly gefokus om al ons kliënte te ken en maak seker dat ons kliënte weet wie ons is. Dit stem ooreen met FICA-nakoming en is in lyn met die Conduct of Financial Institutions (COFI)-wetgewing wat na verwagting teen 2026 volkome in werking sal wees.

Deur ons kliënte te ken, **kan ons finansiële beplanning verskaf wat pas by elke individu se unieke behoeftes.** Deur te weet wie ons is, kan kliënte gerus wees dat hul portefeuljes bestuur word deur 'n betroubare span wat gevestig is en suksesvol oor 'n lang tyd is.

Dankie dat jy ons nie net met jou portefeulje vertrou nie, maar ook familie, kollegas en vriende aan ons toevertrou. Ons waardeer elke enkele verwysing opreg.

AFSLUITING

BAIE DANKIE AAN ELKEEN VAN ONS KLIËNTE, PRODUKVERSKAFFERS, BESIGHEIDSVENNOTE, PERSONEEL EN ONS FAMILIES VIR JULLE VOORTGESETTE ONDERSTEUNING.

ONS WIL OOK VAN HIERDIE GELEENTHEID GEBRUIK MAAK OM AL DIE KLIËNTE WAT VANJAAR BY ONS PRAKTYK AANGESLUIT HET, TE VERWELKOM. ONS SIEN UIT OM NOG BAIE JARE SAAM TE WERK.

Baie geluk aan almal wat hul doelwitte in 2024 bereik het! Ons sien uit daarna om nog baie hoogtes te bereik in 2025.

Onthou om ons op Facebook te volg en ons te "rate", besoek gerus ons webwerf by www.tvzfin.co.za vir nuus en nuwe verwikkelinge.



Neem asseblief kennis dat ons kantoor op 13 Desember 2024 sal sluit en weer op 8 Januarie 2025 sal heropen.

Geseënde Kersfees en die beste wense vir die Nuwe Jaar! Ry veilig en geniet hierdie spesiale tyd saam met jou geliefdes.

